SOMERSTRAND GEMEENTE
Bybelstudie

# Johannes 21

1 Petrus 5:1-11 18 Mei

Groei

## Inleiding

Wanneer ons hierdie gedeelte bespreek, is dit baie goed om Sondag se skriflesing uit Johannes 21:15-19 in gedagte te hou. Jesus het Petrus 3 keer gevra of hy Hom liefhet. Daardeur herstel Hy vir Petrus na die 3 verloënings. Maar in die herstelproses word Petrus se voormalige hoogmoed, om te dink dat hy die voorste dissipel is, finaal afgebreek. Na die herinnering aan sy totale verdorwenheid (3 verloënings!) is Petrus gereed om werklik deur die genade van Jesus skoongewas te word. (Johannes 13:8)
Hierdie werk van Christus sou 'n diep en totale verandering in Petrus bewerk. Dit sou hom ook anders laat dink oor die belangrike posisie wat Jesus aan hom gegee het om sy 'skape te versorg.'

Wanneer Petrus dan baie jare later sy eerste brief aan die verspreide gelowiges (1 Petrus 1:1) rig, het hy 'n woord aan beide die leiers (ouderlinge) en die jongmense van die gemeentes. Dit is baie opmerklik hoe sy lewenservaring en hierdie diep verandering wat Jesus in hom gebring het agter hierdie woorde sit.

## Bid saam

Bid saam dat die Gees julle deur die Bybelstudie sal lei.

## Bespreking

- Lees die Bybelstudieteks weer saam deur.
- Gee geleentheid dat elkeen hul algemene indrukke deel.
- Wat het jou opgeval en aangespreek?
- Wat is vir jou moeilik en wat verstaan jy dalk nog nie?

In vers 1-4 spreek Petrus eers die ouderlinge (geestelike leiers) van die gemeente aan, en hy herinner hulle aan die feit dat hy ook hulle 'mede-ouderling' is en die 'getuie van die lyding van Jesus.' Ons weet dat die Apostels as ooggetuies van die lewe, sterwe en opstanding van Jesus die hoogste posisies van leierskap in die kerk beklee het. Op watter maniere sien jy die tekens van 'n sinlose bestaan in die wêreld om jou?

- Waarom sou Petrus dan sê hy is hulle mede-ouderling?
- Waarom die fokus op Jesus se lyding wanneer Petrus hulle herinner aan sy apostelskap?
- Hy noem hulle ook sy deelgenote in die heerlikheid wat geopenbaar sal word. Wat dink julle word hiermee bedoel? (Sien ook vers 4)

Verder herinner hy hulle aan hul roeping wat ooreenstem met die roeping wat hy self in Johannes 21:15-19 van Jesus af ontvang het: **Om herders te wees van God se kudde!**

- Watter verskil maak dit dat dit nie ons kudde is nie, maar God s'n?
- In vers 2-3 beskryf hy die aard van die leierskap. Hy noem 3 maniere hoe dit nie moet wees nie en 3 maniere hoe dit moet wees. Vertel vir mekaar wat dit alles beteken en hoe hou dit verband met Sondag se teks van Johannes 21?
- Bespreek die stelling oor vers 4: "Moenie soek na aardse eer/eer vir jouself, maar Hemelse eer/om Jesus as jou verlosser te verheerlik. Die erekrans van heerlikheid is die oorwinning in Christus! Nie ons eie eer!"

Kyk nou na verse 5-11

- Waarom dink julle praat hy nou spesifiek met die wat jonk is en hoe sluit dit aan by die woorde aan die ouderlinge?
- Vers 5 en 6 praat oor die belangrikheid van nederigheid en die opdrag om ons nederig aan God te onderwerp. (Ook in terme van diegene wat oor ons aangestel is.) Hoe het Petrus hierdie les eerstehands geleer?

Verse 7-10 word vertel hoe om nederigheid prakties uit te leef.

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 21

- Vers 7 gaan oor 'n lewe van totale afhanklikheid van God. Hoe moet ons hierdie afhanklikheid in nederigheid uitleef?
- Vers 8-9 praat weer van 'n nederige bewustheid van ons eie swakheid, ons sondige natuur en die leuens van die duiwel. Wat sê Petrus moet ons doen in die lig van hierdie realiteite en gevare?
- Vers 9-10 praat weer van nederige geduld in lydig. Waarom sê Petrus dat ons geduldig kan bly in lyding en wat behoort ons in sulke omstandighede te doen?

Bespreek die laaste stelling in die lig van vers 11:

- Wanneer ons bewus is van ons hopelose swakheid, kan ons begin staatmaak op God se ewige krag!

**Bid saam**

- Bid dat die Here vir ons nederig sal gee in alle omstandighede.
- Bid vir leierskap, spesifiek vir die van die kerk.
- Bid vir die jongmense, vir lewenswysheid en 'n besef dat ook hulle God werklik nodig het.
- Bid vir julle groep se eie roeping en betrokkenheid.

# SOMERSTRAND GEMEENTE

## Bybelstudie

# Johannes 21

## Bespreking met kinders

Dink aan 'n klip wat veels te swaar is vir kinders om self op te tel. Partykeer voel ons goed en sterk, asof ons alles self kan doen. Dit is ook goed om te leer selfstandig en verantwoordelik word met die krag wat God ons gee. Maar somtyds word ons weer herinner aan hoe swak en klein ons eintlik is. (Soos met hierdie swaar klip/objek.) En dis belangrik om dit ook te erken anders kan ons baie seerkry! Byvoorbeeld, as ons die klip self probeer vang/keer/optel. Ons moet weet wanneer om te erken dat ons nie sterk genoeg is nie en hulp nodig het. Dit noem ons nederigheid. Teenoor God en mense moet ons altyd nederig wees, bewus van ons swakheid en beperkinge en op God se krag staatmaak.

Praat met die kinders oor ons swakheid en God se krag:
Ons maak maklik foute. Ons is geneig om selfsugtig te wees. Ons weet nie altyd alles nie. Maar as ons bereid is om ons swakheid te erken, ons foute en sonde teenoor God te bely en leerbaar te wees, dan tel God ons op in sy groot krag! Dan sal ons sien en beleef dat Hy ons help, dra, red en ook kragtig in en deur ons lewens werk! Geen klip is te swaar vir Hom nie!

Dit is wat Petrus ook moes leer!